# DIE ANGLO BOEREOORLOG IN DIE SOUTPANSBERG

**Kmdt. Barend Vorster se rol**

**AFDELING 1: TOT VOOR BRITSE INBESITNAME, OKTOBER 1899 – APRIL 1901**

## Deur Louis Changuion

## ABSTRAC / SAMEVATTTING

The Soutpansberg and the Waterberg districts of the South African Republic played a significant role in the early stages of the War of 1899–1902. The threat of a British invasion from Bechuanaland (now Botswana) and from Rhodesia (now Zimbabwe) was very real. The Soutpansberg and Waterberg commandos were therefore instructed to first defend the western and northern boundaries of the Boer republic; then to invade the British territories; and ultimately to destroy the Cape-to-Rhodesia railway line and other modes of communication.

The remote Soutpansberg had yet one more role to play. The Boers had been pushed back along the eastern railway line after Pretoria had been taken by the British. After the disastrous last pitched battle at Dalmanutha in August 1900, the Boer leaders decided that the commandos should converge in the only part of the old republic not yet under British rule: the town of Pietersburg in the Soutpansberg. Here the Boers had to make important decisions on the war, one being whether they should carry on at all. In the relative safety of the Soutpansberg, they could recuperate to confront the British with renewed energy. The period before the British eventually invaded the Soutpansberg and occupied Pietersburg in April 1901 was littered with skirmishes and irregularities such as treason and even attempts at secession. This paper is an attempt to shed some light on this part of the war-  a period that historians have only briefly touched upon or have ignored completely.

## REFERAAT / NOTAS

Kort voor die aanvang van die oorlog het die regering besluit om die hoof van die ZAR-magte, kommandant-generaal Piet Joubert, se hand te sterk deur vir elke distrik ŉ assistent-kommandant-generaal aan te stel. Die twee noordelike distrikte, Soutpansberg en Waterberg, is saam gegroepeer as die Noordelike Hooflaer en die kommandant vir Waterberg, FA (Groot Freek) Grobler, is aangestel as assistent-kommandant-generaal vir die Noordelike Hooflaer, met die aanspreekvorm generaal. Onder genl. Grobler was HC Janse van Rensburg die kommandant vir Soutpansberg

en HS Lombard, die kommandant vir Waterberg. [i] Barend Vorster, ook bekend as Kruppel Barend, as lid van die Eerste Volksraad, en F Boshoff, as lid van die Tweede Volksraad, is as *'beproefde en deur die volk gewaardeerde manne'*, as '*adviseers*' (raadgewers) vir genl. FA Grobler, die bevelvoerder van die Noordelike Hooflaer, aangestel. Hulle moes die generaal en ander offisiere met raad en daad bystaan.Veral Barend Vorster, met sy sterk persoonlikheid, het in die Krygsraad sy invloed terdeë laat geld. [ii] Kruppel Barend Vorster het ook die rang van kommandant beklee nadat hy dit in die oorloë teen die swartstamme verwerf het.

Soutpansberg-kommando het uit ses veldkornetskappe bestaan: die wyke Marabastad, Rhenosterpoort, Houtboschberg, Onderveld, Spelonken en Pietersburg-dorp. Die hele Soutpansberg-kommando was in totaal ongeveer slegs 1 000 man sterk. Die Waterberg-kommando het uit drie wyke, Nylstroom, Zwagershoek en Piet Potgietersrust bestaan, in totaal ongeveer 650 man. Die meeste veldkornetskappe het ook 'n assistent-veldkornet gehad. [iii] Saam het die Noordelike Hooflaer dus ongeveer 1650 burgers in die veld gehad. Daar was egter omtrent nog 900 man wat óf van diensplig, vir een of ander rede, onthef is, óf wat dit reggekry het om diensplig te ontduik. Die twee distrikte Soutpansberg en Waterberg was gesamentlik 93 236 km² groot – ongeveer een derde van die grootte van die hele Transvaal (ZAR).

## DIE HOOF TAAK – VERDEDIG DIE NOORD-WES GRENS

Reeds aan die begin van Oktober 1899, dus voor die aanvang van die oorlog, het die regering (die kommandant-generaal) aan die kommando's van die verskillende distrikte sekere opdragte uitgereik. Soos kmdt.-genl. Joubert in sy instruksie aan die Noordelike Hooflaer dit gestel het, '*Onze West- en Noorderlyn* [grens] *zal ons binnenkort veel moeite geven als daar niet met groote spoed en goede beleid gewerkt wordt*.' [iv] Die Noordelike Hooflaer (Soutpansberg- en Waterberg-distrikte) se opdrag was dus om die noordelike en noord-westelike grens van Transvaal (Krokodil- en Limpoporivier) teen 'n vyandelike inval te verdedig, om Betsjoeanaland in te val, die treinspoor en telegraafverbindings vanaf die Kaapkolonie na Bulawayo in Rhodesië, waar dit deur Betsjoeanaland gaan, te vernietig om sodoende te verhoed dat die Britse garnisoene in daardie twee Britse gebiede (Betsjoeanaland en Rhodesië) Transvaal kon inval. Die Soutpansberg- en Waterberg-kommandos, het soos al die ander

kommandos gehoor gegee aan die oproep van Oktober 1899, en op die plaas Kalkbank byeengekom.

Britse troepe vanaf Rhodesië, onder luit.-kol. HCO Plumer, het by Fort Tuli naby die grens tussen Betsjoeanaland en Rhodesië en dus naby die Transvaalgrens (die Limpopo) saamgetrek. Kruppel Barend Vorster het, as raadgewer vir genl. Grobler, die kommando in sy perdekar, vanaf Kalkbank vergesel toe hulle opgeruk het om Betsjoeanaland vanaf Rhodesdrif (naby Pontdrif) binne te val en vandaar die Britte by Fort Tuli aan te vat. Op 13 Oktober het die kommando's hulle hooflaer by Rhodesdrif ingerig en die volgende dag die grens oorgesteek. Vanaf 15 Oktober 1899 het hulle verskeie pogings aangewend om die Britte vanaf die rivier terug te dryf. Hierdie optrede van die Boere-kommando's was egter halfhartig. Om sake te vererger het die bevelvoerder, genl. Grobler, besluit om met sy Waterbergers verder stroomop met die Limpopo, met ander woorde in 'n suid-westelike rigting, te gaan keer dat die Engelse nie die Waterberg inval nie. Hy die bevel by Rhodesdrif aan die aanvoerder van die Soutpansberg-kommando, kmdt. Van Rensburg, oorgelaat.

Kruppel Barend Vorster het die mislukte aanvalle toegeskryf aan swak toestande, 'n tekort aan voorraad en veral die gebrek aan grofgeskut. Hy het dus herhaaldelik boodskappe na die regering gestuur om so gou as moontlik kanonne te stuur.[v] Kruppel Barend is meer as een keer in die regeringsgesinde koerant, *Die Volkstem*, aangehaal oor die probleme wat die Soutpansbergers op die grens ondervind het.[vi] Toe daar geen reaksie van die regering kom nie, het die Krygsraad by Rhodesdrif besluit dat '*persoonlike aansoeke by die Regering meer gewig in die skaal sou lê, veral indien 'n man van invloed gestuur kon word, en so 'n persoon was beskikbaar, naamlik die heer B.J. Vorster*.' [vii] Dit was bekend dat Kruppel Barend 'n gunsteling van pres. Kruger was. Hy het dus op 23 Oktober vanaf Rhodesdrif vertrek. Onderweg, naby Pietersburg, het hy kapt. Sarel Eloff van die Staatsartillerie gekry op pad Rhodesdrif toe met twee kanonne en hulle bemanning. Sy beroep op die regering vir grofgeskut het dus nie op dowe ore geval nie. Hy het tog sy reis voortgesit en die 28ste in Pretoria aangekom. Pres. Kruger het hom hartlik ontvang en belowe dat genoeg voorraad en nog kanonne gestuur sou word. Op 1 November was Kruppel Barend terug by die Soutpansberg-laer by Rhodesdrif.

Intussen, nog voor Kruppel Barend terug was, het kmdt. Van Rensburg met die ondersteuning van Eloff en sy twee kanonne op 31 Oktober weer deur die rivier getrek en op 2 November die vyand uit hulle stellings verdryf. Met sy aankoms by sy kommando het Kruppel Barend egter ongesteld '*aan de maagziekte*' geraak en het dus nie aan hierdie inval deelgeneem nie. Hy het in die laer agtergebly. Die eerste paar skermutselinge op pad na Fort Tuli was suksesvol. Van Rensburg het egter nie sy suksesse opgevolg nie en toe gebeur 'n insident wat die hele inval laat misluk het. 'n Stofwolk in die verte is aangesien vir 'n groot afdeling Britse soldate in aantog. Veldkornet AZA Briel was die eerste om met sy afdeling te vlug. Hierna het kmdt. Van Rensburg opdrag gegee om terug te val. Van die offisiere kan gesê word: 'was my face red', want die stofwolk het later geblyk 'n groot swerm sprinkane te wees. Die hele kommando het teruggekeer oor die Limpopo na hulle laer toe.[viii]

Weer is daar planne gemaak om die grens oor te steek. Kruppel Barend het by die Krygsraad aanbeveel '*om nu eerst de posities rondom Tuli degelijk te laten spioneeren voor dat wij verder oppereeren zullen en om eerst te wachten tot dat ons eene goede voorraad van ammunitie hier heeft, het welk ik hier verwacht op Vrijdag avond.*'[ix] Daar het egter niks van gekom nie.

Daar het nou groot ontevredenheid onder die geledere van die Soutpansberg-kommando geheers. Die meeste burgers was ontevrede met hulle leiers. Selfs Kruppel Barend Vorster, wat baie invloed gehad het, het dit moeilik gevind om orde te handhaaf. Die Krygsraad het dus besluit om Vorster weer na Pretoria toe te stuur – die keer vergesel van kpt. Eloff, om onder andere te probeer om nog kanonne te kry. In Pretoria was die regering ook glad nie tevrede met wat hulle gehoor het omtrent die kommando's se optrede in die Noorde nie. Hulle het self ook opdrag gegee dat Kruppel Barend na Pretoria moes kom om aan die regering te verduidelik wat op die grens aangaan. Kruppel Barend het dus op 9 November vertrek en op 12 November samesprekings met die regering in Pretoria gevoer. Vorster se verduidelikings het blykbaar die regering oortuig dat alles nie verlore is nie en hy is aangesê om terug te gaan en die burgers aan te moedig om harder te probeer. Die regering sou ook meer kanonne en nog voorraad aanstuur. Kruppel Barend het op die 14 November terug by sy kommando gearriveer. Hoogs tevrede en voldaan het hy gerapporteer dat die regering meer kanonne en ook telegrafiese verbinding op die grens belowe het. In Kruppel Barend se afwesigheid het die bevelvoerder van die Noordelike Hooflaer,

assistent-kmdt.-genl. Freek Grobler, ook uiteindelik weer by die Soutpansbergers aangesluit en almal het gehoop dat dinge nou sou regkom.[x]

Derhalwe het die Krygsraad besluit om die Britte weer in die Tuliblok aan te val. Genl. Grobler het egter getwyfel en kon nie besluit nie en vier dae gaan verby. Op 18 November het hy ŉ telegram van die regering ontvang dat daar besluit is om die hele poging om Betsjoeanaland in te val en vandaar Bulawayo te verower af te las, aangesien die regering bekommerd was dat die optrede sou lei tot botsings met die swart stamme van Betsjoeanaland.[xi] Dit het ook gou duidelik geword dat die regering nie meer invalle van die vyand oor die Limpopo as prioriteit gesien het nie, maar die aantog van Britse versterkings vanaf Natal en Kaapkolonie as die hoof bedreigings geag het. Hulle het dus besluit dat slegs ŉ klein gedeelte van die Noordelike Hooflaer se burgers, steeds onder genl. Grobler se bevel, op die grens moet bly – slegs as observasie en om die grens te bewaak. Die grootste deel van die twee kommando's moes nou na Natal en die Kaapse grens gestuur word. [xii]

Kruppel Barend was heeltemal uit die veld geslaan en gekant teen hierdie nuwe besluit. Hy kon nie glo dat na sy samesprekings met die regering op 12 November en die beloftes wat daar gemaak is, hulle nou, enkele dae daarna, die besluit omgedraai het nie. Hy was diep teleurgesteld, ontevrede en kwaad. Hy het die regering kwalik geneem dat hy as raadgewer vir die Noordelike Hooflaer nie geken is in die besluit nie. Hy het gevoel dat al sy bemoeiinge tevergeefs was en dat hy voor die burgers verneder is. Hy het gevoel dat die regering (pres. Kruger) hom in die steek gelaat het. Hy was ook bekommerd oor die indruk wat hulle onttrekking by die swartmense sal laat – dat die Boere weggehardloop het vir die Engelse. Hierdie verwikkelinge het ook wrywing tussen genl. Grobler, wat saamgestem het om net verdedigend op te tree, en Kruppel Barend wat Betsjoeanaland wou inval, tot gevolg gehad. Vorster het besluit om steeds nie toe te gee nie, derhalwe het hy hom op die oppergesag van die ZAR-magte, naamlik kmdt.-genl. Piet Joubert beroep.[xiii]

Met sy sterk redeneringsvermoë het Kruppel Barend daarin geslaag om kmdt.-genl. Joubert te oortuig dat hulle steeds moet poog om Fort Tuli te verower. Joubert het dit dus aan die regering gemaak bekend dat, '*Ik moet mij volkomen met de zienswijze vereenigen van den heer Vorster*,'[xiv] en dat die Noordelike Hooflaer dus sal voortgaan om Betsjoeanaland in te val. Kruppel Barend het onmiddellik na Rhodesdrif terug

gegaan om aan die onwillige genl. Grobler die boodskap te bring dat hulle moet voortgaan met die inval.

Die besluit van genl. Joubert het egter nou wrywing tussen hom en die president veroorsaak. Pres. Kruger, as staatshoof steeds hoër as die kommandant-generaal, het die goue middeweg geneem en opdrag gegee dat dit aan die bevelvoerder van die Noordelike Hooflaer, genl. Grobler, oorgelaat moet word om te besluit of hulle moet inval of nie, aangesien niemand beter as hy, wat midde in die stryd is, die situasie kan opsom nie. Op 18 November het die regering dus die volgende telegram aan Grobler gestuur: '*Aangezien de Heer Vorster, uw adviseur, beroep heeft gedaan op Generaal Joubert om u te helpen uw oorspronkelijk krijgsplan uit te voeren nl. om Tuli te nemen en aangezien Generaal Joubert zich met den Heer Vorster vereenigt tegen het plan van de Regering, laat de Regering het aan u met uw krijgsraad en uw adviseur over om te beslissen of gij Tuli zult nemen dan wel u met het plan van de Regering vereenigen*.'[xv] Genl. Joubert het maar hierby ingeval. Hoewel Kruppel Barend dus tot 'n mate sy sin gekry het, het hy tog 'n ernstige vermaning van die president ontvang. Die president het geglo dat Vorster met sy optrede verwarring veroorsaak het en dat hy die besluite van hoër gesag moes respekteer. Die goeie verhouding tussen Kruger en Vorster het dus 'n ernstige knou gekry.

Die besluit van pres. Kruger om volmag aan genl. Grobler te gee om te besluit oor die inval, het spoedig geblyk 'n fout te wees. Grobler en Kruppel Barend se verskille het verdere verwarring veroorsaak en geen besluite is geneem nie. Baie burgers het hulle respek vir Grobler verloor en besluit om huis toe te gaan. Toe die regering sien dat genl. Grobler nie leiding kan neem in die verband nie, is 'n boodskap gestuur dat die inval finaal van die baan is en dat die offisiere opdrag aan hulle manne moet gee om na die gevegsfronte in Natal en die Kaapkolonie te gaan.[xvi] Voor die einde van November was meeste afdelings van die Soutpansberg-kommando of op pad huis toe, of op pad na die ander gevegsfronte. [xvii]

Die kanse wat die Waterberg- en Soutpansberg-kommando's gehad het om die Britte in Betsjoeanaland te stuit en vandaar Rhodesië in te neem, was dus finaal daarmee heen. Vir 'n aantal maande het daar weinig in die Noorde gebeur en het baie burgers by die huis gesit.

## DIE SOUTPANSBERGERS NA DIE HOOF GEVEGSFRONTE

Ten spyte van sy kopstamp met pres. Kruger was Kruppel Barend Vorster nog steeds ‘ʼn man van invloed’ en aansien. Na die mislukte inval van Betsjoeanaland is hy nou deur kmdt.-genl. Joubert na die hoofarena van die oorlog ontbied om die Krygsraad by Colenso van raad en advies te bedien.[xviii] Kmdt.-genl. Joubert is egter inwendig beseer toe hy in Natal van sy perd geval het. Hy het die bevel in Natal aan Louis Botha oorgegee en na Pretoria vertrek om mediese behandeling te ontvang. Vanaf Pretoria het hy wel nog as die oppergesag van die Transvaalse magte opgetree (tot kort voor sy dood op 27 Maart, 1900).

In die Noorde het twee veldkornetskappe agtergebly om die grens te bewaak, naamlik vk. JLH du Preez, wat die grens noord en wes van Blouberg moes patroleer, en vk. Tom Kelly, wat met sy manne en die vrywilligers van Fort Botha vanaf Louis Trichardt die grens noord en oos van die Soutpansberg moes bewaak. Vk. du Preez moes ook in die afwesigheid van Van Rensburg, wat Natal toe is, waarneem as kommandant. [xix]

Kruppel Barend het kmdt. Van Rensburg en die Soutpansberg-kommando op pad Natal toe vergesel. Hulle het per trein gereis en op 4 Desember 1899 by die gevegsterrein by Ladysmith aangekom, waar die Boere-kommando’s die Britse garnisoen beleër het. Kruppel Barend het verder na Colenso gereis waar die Boere-magte onder genl. Louis Botha met sy 1 500 burgers ingegrawe was om die Britse magte te verhoed om die Tugelarivier oor te steek om Ladysmith te ontset. Die gevegsfront, al langs die Tugelarivier, was te lank vir hierdie paar kommando’s. ‘*In antwoord op dringende vertoë deur Botha en sy offisiere het daar gedurende die volgende aantal dae versterkings vanaf Ladysmith na die Tugela gekom, waaronder twee nuwe kommando’s: Soutpansberg onder kmdt. HCJ van Rensburg en die Swazilandse polisie onder Botha se jonger broer, kmdt. Chris Botha*.’[xx]

Een veldkornetskap van die Soutpansberg-kommando onder vk. AZA Briel moes saam met die Boksburg-kommando deur die Tugela gaan om die strategiese kop Hlangwane te gaan beset. Briel het egter na ʼn paar dae sy posisie op Hlangwane ontruim en verklaar dat dit nie moontlik sou wees om die kop te hou nie en dat die vyand hulle van hulle hoofmag sou afsny. Genl. Botha het egter Hlangwane as die sleutel tot die suksesvolle verdediging van die gevegsfront beskou en het gevolglik die veldkornetskappe van Wakkerstroom, Standerton, Middelburg en Ermelo asook ʼn

ander veldkornetskap van die Soutpansberg-kommando, dié van vk. RJJ Strydom, beveel om die kop te gaan beset. [xxi]

Die res van die Soutpansbergers was ingegrawe noord van die Tugela en Kruppel Barend Vorster was in ŉ raadgewende hoedanigheid by die hoofkwartier toe die Britte onder genl. Redvers Buller op 15 Desember hulle eerste poging aangewend het om deur te breek. Die Britte het die geveg verloor en hierna vir die volgende drie weke nie weer probeer om deur te breek nie. Daar was dus in dié tyd weinige aksie in Natal. Die kommando's op Hlangwane, wat vk.Strydom en sy Soutpansbergers ingesluit het, het ŉ reuse aandeel in die oorwinning gehad tydens hierdie eerste poging van Buller om deur te breek. Voor die einde van die maand het Kruppel Barend besluit om terug te keer na die Noorde aangesien hy boodskappe vanaf sy gebied ontvang het wat sy aandag geverg het. Daar is ook gefluister dat Vorster en Louis Botha nie goed klaargekom het nie.

## KRUPPEL BAREND VORSTER NEEM ALGEHELE BEVEL VAN DIE NOORDE OOR

In die Noorde aangekom, het Vorster gevind dat daar probleme by die Vendas was. Laasgenoemde het die kommando's beskuldig dat hulle sonder vergoeding vee opgekommandeer het vir eie gebruik. Die Vendas het gedreig om met geweld die beeste terug te neem. Kruppel Barend het dit aan die regering gerapporteer en aanbeveel dat ŉ *'besliste persoon en van invloed*' aangestel moet word om die aantygings te ondersoek voordat dit tot geweld oorgaan. Die regering se antwoord was dat hulle Vorster self as so ŉ persoon beskou en hy is dus as Waarnemende Naturelle-kommissaris vir die Spelonken-gebied aangestel om die saak te ondersoek. Nadat hy beide kante aangehoor het, het Kruppel Barend besluit dat dit enkele lede van die kommnado was wat oortree het, en dat hulle gestraf moes word. Ook, het hy besluit, dat slegs die Landdros en die Naturelle-kommissaris in die toekoms met die swartes kon onderhandel vir die aankoop van vee vir die kommandos. Deur sy besliste optrede het Kruppel Barend vrede in die gebied herstel en sodoende geweld voorkom. [xxii]

Die moraal onder die kommando's in die Noorde het egter gedurende die eerste weke van die nuwe jaar drasties versleg. Meer burgers van die Noorde het opdrag gekry om Natal en/of Vrystaat toe te gaan om te help keer dat die Britte nie deurbreek nie.

Sonder ’n ernstige bedreiging van die buurstate het die agtergeblewe burgers op die grense niks gehad om te doen nie. Baie van hulle het eenvoudig huis toe gegaan. Dit was veral nadat hulle die nuus ontvang het dat genl. Piet Cronje op 27 Februarie 1900 met 4 000 man by Paardeberg in die Vrystaat oorgegee het, wat die moraal tot breekpunt gedryf is. Nóg erger was die nuus dat die Boeremagte in Natal die offensief verloor het met die deurbraak van die Britse magte en daarna die ontsetting van Ladysmith op 28 Februarie en die terugtog van die kommando’s Transvaal toe. Dit was die begin van ’n geloof onder baie van die burgers dat die Boere nie meer die oorlog kon wen nie en maar liewer vredesonderhandelinge met die Britse owerhede moes aanknoop.

Ook die sterke Kruppel Barend Vorster het begin twyfel. Aangesien genl. Grobler reeds weke gelede na die Vrystaatse grens by Colesberg toe gestuur is, was Vorster die hoogste rang in die Noorde met verantwoordelikhede wat swaar op sy skouers gerus het. Die regering het besluit om ’n assistent-generaal vir die Soutpansberg aan te stel aangesien genl. Grobler nog op die gevegsfront was. Die landdros van Pietersburg, Jan Heystek, is opdrag gegee om vas te stel wie die mees aanvaarbare persoon sou wees om in die pos aangestel te word. Almal het verwag dat dit Kruppel Barend Vorster sou wees. Vorster en Heystek het egter nie langs dieselfde vuur gesit nie en het talle kere in die verlede ernstig gebots. Heystek het dus M Bierman vir die pos aanbeveel. [xxiii] Kruppel Barend was diep ongelukkig oor hierdie aanstelling omdat dit Bierman bo hom sou stel. Hy het derhalwe ’n ernstig bewoorde klagte teen Heystek by die regering ingedien. Om verdere onenigheid in die Noorde te vermy, het die regering ’n besluit geneem wat vir baie nie aanvaarbaar was nie – hulle het ’n nuwe rang geskep, hoofkommandant, wat in rangorde gelykstaande was aan ’n assistent-generaal, en vir Vorster in die posisie aangestel. Kruppel Barend was nou, in afwesigheid van genl. Grobler, amptelik die hoof van die Noordelike Hooflaer en baie in sy skik. [xxiv]

Met nuwe moed het Kruppel Barend dadelik begin om sy stempel af te druk. Eers het hy ’n kantoor in Pietersburg geopen sodat hy as hoofkommandant beskikbaar kon wees vir die burgers. Daarna het hy Soutpansberg-kommando se hooflaer vanaf Leeuwkop na Witklip, 40/45 myl (ongeveer 68 km) vanaf Pietersburg op die pad na Fort Tuli verskuif omdat hy Leeuwkop as ’n ongesonde plek beskou het. Daarna het hy Louis Trichardt besoek wat hy in betreurenswaardige toestand gevind het. Onder

andere het hy gevind dat die dorp sowel as die kommando-laer, net buite die dorp, op ŉ ongesonde plek geleë is. Die dorp, wat eers in 1898 kort voor die oorlog uitgebreek het gestig is, was nog onontwikkeld met geen permanente geboue nie. Hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die dorp op die verkeerde plek aangelê is en dus aanbeveel dat dit na ŉ hoër plek verskuif moet word. Van hierdie voorstel het egter niks gekom nie. Kruppel Barend het ook besluit dat die manne van die vrywilligerskorps by Fort Botha by Louis Trichardt na die front in Natal gestuur moes word. Hy het ook sy mes ingehad vir die offisier in bevel, die Engelssprekende kapt. Hickey, wat hy glad nie vertrou het nie. Hy kon sodoende van die man ontslae raak. Hickey wou nie gehoor gee nie en dit het Vorster baie moeite gekos om kmdt.-genl. Joubert te oortuig. Joubert se opdrag dat kapt. Hickey en die vrywilligers van Fort Botha Natal toe moes gaan is op 21 Maart ontvang.[xxv] Kmdt.-genl. Joubert is ŉ paar dae later, op 27 Maart 1900, in Pretoria oorlede en genl. Louis Botha is daarna permanent in sy plek aangestel.

Kruppel Barend se optrede om Hickey op die gevegsfront te kry was waarskynlik nie uitsluitlik omdat hy hom nie vertrou het nie, maar veral omdat hy dit as sy taak gesien het om soveel as moontlik manne te kry om te gaan help om die Britse opmars te stuit. Derhalwe het hy voortgegaan om manne wat by die huis gesit het op te kommandeer. Burgers, soos regeringsamptenare in verantwoordelike posisies, veral spoorwegwerkers, wat aan die begin van die oorlog vrygestel is van kommandodiens, is nou deur Kruppel Barend aangekeer en front toe gestuur. Hieroor het hy weer met landdros Heystek in botsing gekom. Nogtans het Kruppel Barend baie omsigtig gekommandeer, want die verdediging van die Soutpansberg-distrik was nog steeds vir hom belangrik.

Voor die einde van Maart het Kruppel Barend na Pretoria vertrek om die posisie met die regering te bespreek. In sy afwesigheid het kmdt. Van Rensburg met verlof teruggekeer vanaf Natal. Hy en landdros Heystek het op hulle eie, onoordeelkundig en sonder Vorster se toestemming burgers front toe begin stuur. Toe Vorster daarvan te hore kom het hy ernstige vermanings vanaf Pretoria aan die twee gestuur. Party burgers op pad front toe is beveel om om te draai. Vorster was bekommerd dat Soutpansbereg totaal onbewaak gelaat sou word en dat die Britte dit te hore sou kom en onverwyld opdrag sou gee om die grens vanaf Rhodesië oor te steek.[xxvi]

Weer eens het daar groot verwarring in die Noorde geheers en Kruppel Barend het ondersteuning onder van sy mense begin verloor. Hulle het gekla dat hulle nie meer geweet het na wie om te luister nie. ŉ Klag is derhalwe vroeg in April deur van die burgers (vermoedelik geskryf deur Heystek) by kommandant-generaal Louis Botha ingedien wat onder andere lui: '*Wy verzoeken u dringend ons te willen melden wie hier in Zoutpansberg het recht heeft om te commandeeren. Is het onze cdt. Rensburg ... of de heer de regering aangestelde kreupele Hoofkommandant Barend Vorster. Hoofdkommandant Vorster is onbemind by burgers en handelt als een despoot..*' [xxvii]

Die kommandant-generaal, wat Van Rensburg ondersteun het, het die klag na die regering verwys. Weer het die president Kruppel Barend se kant gevat soos duidelik bleik uit dié telegram: '*Ik heb Hoofdkommandant Vorster als zoodanig aangesteld omdat ik meen hy de enigste man is die daarvoor bekwaam is... Indien ik Vorster niet had aangesteld dan was Louis Trichardt reeds verlaten omdat al de menschen van daar wegvluchten en als U tegen is dat ik de zaken daar zal regelen zeg het dan maar dan zal ik Zoutpansberg opgeven en zaken laten loopen zooals zy willen... Ik denk die officieren die zaken door elkaar willen krabben en die zoo razen over Vorster zyn juist diegenen die hebben willen dat er gevaar in Zoutpansberg moet komen opdat zy zich dan op gevaar kunnen beroepen en zy dan naar huis kunnen gaan en dit zal zekerlik gebeuren als ik Vorster nu moet afschaffen die alles nu in orde heeft.*'[xxviii] So, dit lyk tog of, ten spyte van die skrobbering van vroeër, pres. Kruger steeds in Kruppel Barend Vorster geglo het en hom steeds ondersteun het.

Kruppel Barend het dus op sy ingeslane weg voortgegaan en steeds opgetree as die hoogste gesag in die Noorde. Om vrede te probeer bewaar, '*verzoek* [hy] *de officieren niet te hard te knorren want deze verwarring is te wyten meer aan onkunde als iets anders*.' [xxix]

Hoewel dit geblyk het dat die Britse inval vanaf Rhodesië en Betsjoeanaland nie meer ŉ groot bedreiging was nie, het die gevaar van die suide af steeds nader gekom. Reeds op 13 Maart is die Vrystaatse hoofstad, Bloemfontein, deur die Britse leër beset en kort daarna is die Britse opmars deur die Vrystaat hervat.

Kruppel Barend het nog steeds die moontlikheid van ŉ Britse inval vanaf Rhodesië as ŉ bedreiging gesien. Toe dit bekend geword het dat daar ŉ groot aantal Britse troepe in Beira aanwal gestap het wat vandaar na Bulawayo gereis het vanwaar hullle

gedurende April met die spoor langs na Mafeking sou gaan om die Britte onder Baden-Powell te verlos, het Vorster met ŉ plan vorendag gekom. Hy sou met 500 Soutpansbergers en 300 Waterbergers die grens oorsteek en Bulawayo aanval. Hierdie plan het wel byval onder ŉ groot aantal burgers gevind. Die voorbereidings het egter lank geduur en voor die einde van die maand het hy opdrag vanaf Pretoria ontvang om nie voort te gaan nie en dat hy na Pretoria moes kom vir ŉ belangrike spesiale vergadering van die Volksraad.

Op 7 Mei het die ZAR-Volksraad, vir ŉ spesiale sitting, die laaste keer in Pretoria vergader. Kruppel Barend Vorster het net betyds aangekom om die vergadering by te woon. Een van die besluite van die dag was dat aangesien die Britte Bloemfontein reeds geannekseer het, sal pres. Kruger en die regering van die ZAR Pretoria moet verlaat as die Boere nie die opmars deur die Vrystaat kon stuit nie. Hulle moes dan per trein na die Oos-Transvaal vertrek vanwaar hulle nog steeds kan regeer.

Terwyl Kruppel Barend nog in Pretoria was, het hy tyding gekry dat die Vendas weer in opstand gekom het. Na afloop van die Volksraad-sitting op 10 Mei het hy hom na die Noorde gehaas. Met drie patrollies het hulle teen die Vendas opgetrek maar hulle het geen vyandiggesindheid gevind nie en na ŉ paar dae het Vorster die veldtog afgelas. Vorster het laat weet: '*God zy nog met ons, de vyand is nog niet aan de poorten van Jerusalem*.' Dit het later aan die lig gekom dat die ou vyand, Mphephu, wat die Boere in 1898 verslaan het wél vanaf Rhodesië teruggekeer het en net sy kans afgewag het om weerwraak teen die Boere te neem. Op 17 Mei was Vorster terug in die hooflaer om verder te beplan aan sy Bulawayo-veldtog. Hy was egter te laat, dieselfde dag is tyding ontvang dat Mafeking ontset is.[xxx]

Intussen het die vrouens van die noorde gereageer op die ongewensde toestand. Nie net het hulle by die president gekla oor die gebrek aan samewerking tussen die offisiere nie, maar veral oor die baie burgers wat by die huis sit. '*Hier zyn buiten den Hoofdkommandant een Wd. Ass. Genl. en vier effectiewe veldcornetten die in staat zyn naar het front te gaan.*' Van hierdie vroue was selfs bereid om self na die front te gaan in die plek van '*de mannen die hier op verlof by hun vrouwen liggen*.'[xxxi]

Hierdie klagte het aanleiding gegee tot ŉ besluit dat daar strenger opgetree moes word teen diensontduikers en om amptenare wat voorheen vrygestel is opdrag te gee om aan te meld vir diens op die front. Vorster self het op 19 Mei ŉ oproepinstruksie van

genl. Grobler ontvang om by die Boeremagte op die Vaalrivier aan te sluit om te help met die poging om te keer dat die Britte die Transvaal inneem. Hy antwoord dat hy na hy die nodige reëlings getref het die 24st Mei vanaf Pietersburg sal vertrek om op die front aan te meld. Voordat hy kon vertrek het hy berigte ontvang van ŉ groot versterking van die Britse wagpos by Fort Tuli. Vir Kruppel Barend was die beveiliging van die Noorde nog steeds prioriteit. Hy het dus laat weet dat hy eers ondersoek moes instel voordat hy kon gaan. As eerste voorsorgmaatreel het hy die hooflaer vanaf Witklip na Brakrivier verskuif. Die bedreiging vanaf Fort Tuli het geblyk ongegrond te wees en hy het laat weet dat hy op 1 Junie sou vertrek.

Op 28 – 29 Mei het Roberts en sy mag die Vaalrivier oorgesteek en voortgestu in die rigting van Johannesburg en Pretoria. Net na sononder op 29 Mei het pres. Kruger en die uitvoerende bestuur van die regering Pretoria verlaat en na Machadodorp verhuis.

Kruppel Barend het wel op pad front toe op 2 Junie in Pretoria aangekom en verneem dat die president reeds die hoofstad verlaat het en dat Britse magte reeds twee dae tevore Johannesburg verower het en al halfpad na Pretoria op pad was om die hoofstad van die republiek in besit te neem. Hy kon dus nie verder gaan nie.

Die dag voor die besetting van Pretoria, 4 Junie dus, toe die meeste Boere-leiers en staatsamptenare reeds die hoofstad verlaat het, bevind Kruppel Barend hom op die Pretoriase stasie saam met genl. Jan Smuts, adv. N.J. De Wet en oud-landdros George Munnik. Smuts was daar omdat hy verantwoordelikheid moes aanvaar vir die versending van die staatsgoud na die Oos-Transvaal (ontstaan van mite oor die sogenaamde Krugermiljoene). Hierdie vier manne op die stasie het besef dat hulle reeds te laat was om per trein uit die stad pad te gee en tog was daar nog twyfel of en wanneer hulle moet gaan. Die aanvang van die Britse bombardement van die stad het gehelp om hulle te laat besluit. Terwyl bomme oor hulle getrek het het Munnik aan Vorster gesê: '*Barend, weet jy wat het Jakals* [sic] *gesê?*' Geïrriteerd was Kruppel Barend se reaksie: '*Landdrost het jy nog tyd om te korswel, kyk hoe kom die vreeslike bomme oor ons.*' Die landdros het egter sy vraag herhaal. Vorster: '*Nou ja, wat het Jakals gesê?*' Munnik: '*Jakals het gesê, vlug is goed, maar jy moet betyds begin. Die Engelse is môreoggend in Pretoria, en ek gaan my nie soos ŉ bul in ŉ skutkraal laat vang nie, ek gaan vanaand* [met ŉ perdekar] *laat vat*.' Vorster het ŉ oomblik geaarsel en toe gevra: '*Landdrost het jy plek vir my, neem my tog saam?*' Die twee het Pretoria

net betyds in die nag verlaat en was ʼn paar dae later in Pietersburg. Al het die hoofstad van die republiek geval was die Waterberg- en Soutpansberg-distrikte darem nog onder ZAR beheer.[xxxii]

Vorster het later gesê hoe geskok hy was oor die verwikkelinge. Hy het nie verwag dat die hoofstad so gou en sonder slag of stoot sou oorgee nie. Hy het die wysheid van die besluit om die stad nie te verdedig nie in twyfel getrek. '*De Heere behoede ons voor verkeerde besluiten. Byna alle Zoutpansberg-burgers zyn al van hier en zy gaan nog met elke trein na voren vol moed voor onze onafhanklikheid te stryden tot den laaste toe.*', het hy glo gesê. [xxxiii] Maar die Soutpansberg- en Waterberg-kommando was egter ook op pad terug huis toe. Die Noordelike Hooflaer het nie meer bestaan nie. Die Soutpansbergers was wel nog onder kmdt. Van Rensburg en die Waterbergers onder genl. Grobler.

Terug in Pietersburg het Kruppel Barend gevind dat sy 'vyande', landdros Jan Heystek, Ludwig Krause (ʼn bekende prokureur van Pietersburg) en ander in sy afwesigheid, voortgegaan het om hom te ondermyn en om burgers teen hom op te steek. Na die vertrek van pres. Kruger uit Pretoria, wat beteken het dat Vorster nie meer op die president se ondersteuning kon staat maak nie, het hulle gedurende Junie ʼn publieke vergadering in Pietersburg belê waar hulle sy ontslag geëis het. Vorster was self teenwoordig en het hom op die regering se ondersteuning beroep en die telegram van die president, wat hom so sterk ondersteun het, voorgehou. Dit het selfs uitgelek dat daar ʼn komplot gesmee is om hom te 'ontvoer'. Van dit alles het niks gekom nie, want dit het geblyk dat Vorster nog steeds ʼn groot ondersteuning en invloed onder die burgers gehad het.[xxxiv] Ten spyte van die klagtes teen hom het een van sy teenstanders, prokureur Ludwig Krause, later geskryf dat hy Vorster altyd as ʼn eerlike man beskou het.[xxxv]

Kruppel Barend het al strenger opgetree teen verraaiers. Selfs al was hulle Engelssprekend, was hulle as burgers van die republiek gebonde aan die wette van die staat. Baie Engelssprekendes van die distrik wat Britsgesind was het reeds padgegee Natal en Kaap toe. Daar was ook Engelssprekedes wat pro-Boer was en wat wel by die kommandos aangesluit het of wat net neutraal wou bly. Om verstaanbare redes was diesulkes altyd onder verdenking by die Boere. ʼn Voorbeeld hiervan was toe drie bekende handelaars van Pietersburg, EG Ireland, Mike Kelly en

Joe Roberts, wat neutraal wou bly, Pretoria besoek het om te sien hoe die Britse magte Johannesburg en Pretoria inneem. Toe hulle na ŉ paar dae na Pietersburg terugkeer is hulle deur Kruppel Barend in hegtenis laat neem. Na ŉ kort militêre verhoor is hulle skuldig bevind aan hoogverraad en hulle sou die volgende dag tereggestel word. Oud-landdros Munnik het gelukkig nog genoeg invloed gehad en is altyd beskou as ŉ vriend van die Vorsters. Hy het Kruppel Barend oorreed om dit nie te doen nie en die drie is vrygelaat.[xxxvi]

## AFSTIGTING?

Kruppel Barend Vorster het homself steeds as die hoofgesag in die Noorde beskou en beslis bo-oor kmdt. Van Rensburg. Die feit dat die hoofstad ingeneem is en dat die regering hulself êrens in die Oos-Transvaal bevind het, het hom laat voel dat hulle hom in die steek gelaat het. In die Noorde was hulle nou aan hul eie lot oorgelaat met geen kommunikasie met die regering meer nie. Geen opdragte het hulle bereik nie en hulle proviand en ammunisie het min geraak. Selfs die treinverbindings het tot ŉ stilstand gekom. Hulle het nie meer geweet wat in ander dele van die land aangaan nie. Kruppel Barend het gevoel dat ŉ groot taak nou op sy skouers gerus het. Aan hom en aan hom alleen is die verdediging van die distrik toevertrou. '*Daartoe is hy bereid en daartoe voel hy bekwaam*', sou hy gesê het.[xxxvii] Hy sou sy mense lei en hy sou besluit wat die regte pad vorentoe is.

Tot hiertoe het Kruppel Barend die rang Hoofkommandant beklee. Dit is nie bekend of hy dalk nou aan homself die rang generaal toegeken (toegeëien) het nie. Dit is te betwyfel of so ŉ toekenning onder omstandighede van hoër gesag af sou gekom het. Tog vind mens dat daar nou soms na hom verwys is as generaal Vorster en daar is ook die enkele geval, so ver bekend, waar pres. Kruger na Vorster as generaal verwys het. Dit was in ŉ telegram wat Kruger vanaf Machadodorp aan genl. Chris Botha (jonger broer van genl. Louis Botha) gestuur het. Hy het Botha aangemoedig om nie moedeloos te word nie en verwys na tekens dat die burgers tog nog positief is en voortgaan. Hy het verwys na ŉ telegram vanaf 'genl. Vorster' waarin hy meld dat daar nog Soutpansbergers is wat front toe gaan en dat in sy distrik (Soupansberg) dit nog rustig is.[xxxviii] Dit is natuurlik ook so dat met die skepping van die rang hoofkommandant dit aanvaar is dat dit gelykstaande aan ŉ assistent-generaal was, met die aanspreekvorm generaal.

Met hierdie 'selfopgelegde' taak was dit dus tog nie so vreemd dat Kruppel Barend in Augustus 1900 ŉ proklomasie, wat almal verbaas het, in Pietersburg uitgevaardig het nie. Volgens hierdie dokument stel hy homself as die alleen-verteenwoordiger van die ZAR-regering in die Soutpansberg-distrik aan. ŉ Vryvertaling lui: '*Aangesien die Soutpansberg-distrik geheel en al van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek afgesny is, het dit vir die handhawing van wet en orde en vir die behoorlike administrasie van landsake nodig geword om die sake van die Suid-Afrikaanse Republiek in die Soutpansberg-distrik voort te sit. Derhalwe verklaar ek en maak ek, Barend J Vorster, Hoof-Kommandant van Soutpansberg, hiermee bekend dat ek voortaan die enigste wettige verteenwoordiger van die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek sal wees, en beveel ek hiermee elkeen en almal en al die amptenare van die Regering wat tot hiertoe vir die fianasiële sake verantwoordelikheid tot die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek moes doen dat hulle voortaan aan my as die enigste verteenwoordiger van die Regering verantwoording sal doen net soos wat hulle voorheen deur die wet gebonde was tot die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek.'*

*'Enigeen wat by gebreke bly om hierdie proklamasie te eerbiedig sal homself skuldig maak aan ongehoorsaamheid en gevolglik strafbaar deur militêre wetgewing.'*

*'God behoed ons Land en Volk.'*

*'Deur my uitgereik en beëdig in Pietersburg, Soutpansberg-distrik, Suid-Afrikaanse Republiek, op die 5 dag van Augustus 1900 AD.'*

*Geteken: 'BJ Vorster'*

*'Hoof-Kommandant.*'[xxxix]

Die proklomasie was natuurlik onwettig. Dit het aanleiding gegee tot ŉ gerug dat Kruppel Barend se volgende stap gaan wees om die Soutpansberg-distrik as ŉ onafhanklike republiek te verklaar met homself as president. Die proklamasie het hom ook in onguns by die ander offisiere in die Noorde gebring. Landdros Jan Heystek en Ludwig Krause, wat as regsadviseur aangestel is, het Vorster ernstig vermaan en daarop gewys dat dit onwettig was aangesien die ZAR-regering hom nie gemagtig het om dit te doen nie. Heystek het dit sy plig geag om die dokument na die regering op Machadodorp te verwys. Die regering het met Krause en Heystek saamgestem en

Vorster beveel om dit terug te trek. Kruppel Barend se verweer was dat hy dit goed bedoel het en dat hy onder die indruk verkeer het dat die ZAR-regering, na die val van Pretoria, inderdaad opgehou het om te funksioneer.

Kruppel Barend het na hierdie 'flater' gebieg dat die werk as Hoof-kommandant vir hom te veel geword het. Hy het hulp nodig gehad. Hy het dus Krause oortuig om die pos van waarnemende-kommandant te aanvaar, aangesien kmdt. Van Rensburg afwesig was. Die Soutpansberg-kommando onder Van Rensburg moes saam met die Waterbergers onder genl. Grobler op daardie stadium (Augustus) die Britse aantog naby Pienaarsrivier probeer keer. Hulle is egter teruggedryf tot by Nylstroom.[xl]

Dit was duidelik dat Vorster nie meer alleen alles bymekaar kon hou nie. Meer burgers het opgegee en daar was nou ook gevalle waar burgers 'oorgeloop' het. Mens moet natuurlik voortdurend 'n onderskeid maak tussen oorlopers of verraaiers – bekend as 'joiners' en touopgooiers – bekend as 'hensoppers'. Die meeste hensoppers was mense wat eenvoudig nie meer hoop vir oorwinning gesien het nie, mense wat geglo het dat deur verder te veg dit die einde van die Afrikaner-nasie sou beteken. Hulle sou egter nie wapen opneem teen hulle eie mense nie – hulle was nie joiners nie. Soos elders in die land is die joiners georganiseer in eenhede wat as 'National Scouts' bekendgestaan het. (Later is kmdt. JG Celliers en vldkt. AZA Briel deur die Britse oppergesag as die bevelvoerders van die 113 National Scouts in die Noorde aangestel).

Die Britse aanvoerders het nadat die Boere nie na die inname van Pretoria in Junie 1900 opgehou veg het nie, besef dat hierdie oorlog nog lank kon aanhou omdat die kommando's die taktiek van guerrilla-oorlog effekief kon toepas. Om die Boere van hulle voorraadbronne te ontneem het die Britte besluit om 'n 'verskroeide-aarde-beleid' toe te pas. Vanaf Augustus 1900 is die Boere-vrouens en -kinders van die plase af weggeneem en in kampe geplaas en is die plase afgebrand en alles daarop vernietig – diere en gesaaides inkluis. Hierdie konsentrasiekampe is op verskillende plekke in die Vrystaat en Transvaal opgerig en ook 'n aantal in Natal en die Kaapkolonie. In totaal was daar meer as 40 kampe waarin meer as 109 000 vrouens en kinders en sieklike en ou mans gehuisves is. [xli] Aangesien Soutpansberg en Waterberg nog nie deur die Britte ingeneem was nie, was hulle nog nie onderworpe aan die verskroeide-aarde-beleid nie.

Vanaf 21 tot 27 Augustus 1900 het die laaste stellingsgeveg van die oorlog naby Belfast in die Oos-Transvaal plaasgevind. Na ŉ hewige geveg by Dalmanutha (Berg-en-Dal) wat 6 dae geduur het, moes die gekombineerde Boere-kommando's egter weer terugval. Hierna het die Boere van guerrilla-taktiek begin gebruik maak om die vyand te beveg. Die ZAR-regering moes vanaf Machadodorp verder met die spoorlyn na Nelspruit verskuif.

## DIE SOUTPANSBERG-DISTRIK AS LAASTE TOEVLUG

Nadat die Britte die Oos-Transvaal ingeneem het, was dit nog net die Waterberg en Soutpansberg distrikte wat in Boere hande was. Die Britse joernalis en skrywer, HW Wilson, skryf in sy boek: '*It now remained to apply more vigorous pressure to the Boers, to sweep the country more thoroughly, and to wrest from the enemy's grasp their last arsenals and the last towns remaining to them. In the northern Transvaal a vast tract of territory round Pietersburg had never been visited by the British troops. In August, 1900, the tide of invasion had surged as far as Nylstroom, which had been occupied by General Baden-Powell, but owing to Lord Roberts' want of men for the movement against Botha, after a brief occupation, Nylstroom had been abondoned, and subsequently Pienaar's River had been made the advanced British station upon the Pietersburg Railway. Pietersburg itself had never seen the Union Jack hoisted. Far to the north of it, in the tropical region of the Transvaal, lay the Zoutpansberg, a region inhabited mainly by Kaffirs and remote from civilisation, though it had been the scene of constant wars with the natives in the past history of the South African Republic*.'[xlii]

Einde Augustus, begin September 1900 het die Britte onder genls. Paget en Baden-Powell vanaf Pienaarsrivier weer gepoog om die noordelike distrikte in te neem. Hierdie keer het hulle eers Warmbad en daarna Nylstroom beset. Die Soutpansberg- en Waterberg-kommando het wel die Britte daar gestop. Kruppel Barend was saam met kmdt. Van Rensburg op pad Nylstroom toe. Volgens landdros Munnik het Kruppel Barend hier sy oorspronklikheid en krygslus openbaar. Hy het die landdroskantoor op Nylstroom vanaf Piet Potgietersrus getelefoneer. Welwetende dat die Britte dit reeds in besit geneem het, vra hy om met genl. Potgieter (fiktiewe naam) te praat. Die persoon aan die ander kant het geantwoord dat hy hom sal roep en ŉ offisier wat Afrikaans magtig was op die lyn gesit. Vorster het ewe vertroulik gesê hulle moet uithou want hy is op pad met meer as ŉ duisend burgers. Toe Van Rensburg en

Vorster Nylstroom ŉ dag later met hulle 200 Soutpansbergers bereik was daar nie ŉ Kakie in sig nie, aldus Munnik. [xliii] Verdere aanvalle van die Soutpansbergkommando het Paget en Baden-Powell laat besluit om weer terug te val na Pienaarsrivier. Met hierdie optrede van die Soutpansbergers gedurende Augustus 1900 het Kruppel Barend as hoofkommandant 150 beeste van kmdt. J du P de Beer gekommandeer. De Beer het egter 100 van sy beeste versteek sodat Vorster net 91 kon kry waarvan die meeste koeie met kalwers was.[xliv]

In die Noorde het die ontevredenheid onder die burgers egter voortgeduur. Van hulle het nou ŉ versoek tot die regering gerig dat genl. Grobler vervang moes word aangesien hy afvallig begin word het. Op 28 Augustus en weer op 30 Augustus het hoofkommandant Barend Vorster ook klagtes teen genl. Grobler gelê en hom van nalatigheid beskuldig en gewaarsku dat Grobler dalk verraad mag pleeg omdat dit bekend geword het dat hy met kol. Baden-Powell kontak gemaak het en waarskynlik ander offisiere en manskappe met hom sal saamneem. Daar was egter ook klagtes teen hoofkommandant Vorster self. Die regering het ŉ ondersoek gelas. Oud-landdros van Pietersburg, George Munnik, moes die ondersoek lei en het bevind dat die klagtes wat teen Vorster ingebring is ongegrond is en hoofsaaklik van burgers kom wat ontevrede was omdat Vorster hulle gedwing het om saam met die kommando na Pienaarsrivier te gaan. Pres. Kruger het hierdie bevindinge gesteun en aanbeveel dat Vorster in sy pos moes aanbly maar dat genl. Grobler vervang moes word.[xlv] Na die suksesvolle terugdryf van die Britte na Pienaarsrivier toe het hoofkommandant Vorster en genl. Grobler vrede gemaak. Vorster was bereid om te getuig dat hy onder ŉ wanindruk aangaande Grobler verkeer het, maar dit was te laat. Daar is reeds op hoër gesag besluit om Grobler van sy rang te ontneem.

## GENL. C.F. BEYERS NA DIE NOORDE

Kmdt.-genl. Louis Botha het besluit om genl. Freek Grobler met die jong regsgeleerde, Christiaan Frederik Beyers, as assistent-kommandant-generaal in bevel van die Noorde, te vervang. Hoofkommandant Vorster is ook van hierdie verwikkelinge in kennis gestel. Beyers moes Noorde toe gaan om die kommando's daar reg te ruk. Daar het ŉ gees van défaitisme in die Noorde geheers en baie burgers het geen hoop meer gehad nie en wou opgee. Daar was al meer gevalle van burgers wat oorgeloop het om aan die Britse kant te veg. Beyers moes hierdie défaitisme besweer.

Genl. Grobler was egter glad nie bereid om terug te staan vir die nuwe assistent-kommandant-generaal nie. Op 8 September, nog voor Beyers gearriveer het, het hy ŉ elle lange telegram aan die regering gestuur: '*Tot mijn groote verwondering verneem ik heden ochtend van Hfd.-Comdt. Vorster dat Uw Hoog Ed. naar hier zendt een Wd. Comdt. Generaal Christiaan Beyers. Het spijt mij zeer hartelijk ik mij met deze niet vereeniging kan. Ik ben overtuigd dat ik mijn plicht gedaan heb zoo als eenige hoofd officier denk om te doen. Als ik mijn heilige plicht niet gedaan heb, dan behoort de Hoog Ed. Regeering of de Hoog Ed. Comdt. Generaal mij voor eenige bevoegde hof te brengen en als ik schuldig bevonden wordt voor plicht verzuim of lafhartige gedracht straf mij volgens wet al was het met de dood... Het kan niet aan mij verweten worden als er een geest van wankelmoedigheid onder de burgers komen, want God regeert de harten der menschen. Ik heb nacht en dag gewerkt zoo als ik nu nog doen en waarvan Hoof Comdt. Vorster ook nu kan getuigen om alle Waterbergsche burgers weer op de beenen te krijgen. Onvermoeid werkt ik zoo voort met behulp van al mijne vertrouwbare onder officieren en met behulp van Hfd. Comdt. Vorster die nu ook persoonlijk met een goede getal Zoutpansbergers werken, nu in heilige harmonie en verlangen geen andere hoofd officier. Ik als hoofd officier van Waterberg blijft beslist om onder niemand anders te staan en zoo ook Hfd. Comdt. Vorster in de Zoutpansberg afdeling... Ik vertrouw dat U Hoog Ed. deze nieuwe beslissing in revisie zal nemen. Het spijt mij dat ik na elf maanden zuure arbeid zoo moet behandeld worden*.'[xlvi] (Telegram heelwat verkort)

Intussen, op 10 September 1900, het die regering op Nelspruit besluit dat in die lig van die aanrukkende Britse mag, die regering 'te velde sal gaan' en steeds sal funksioneer as ŉ regering waar hulle hul ook mag bevind. Pres. Kruger sou nie te perd kon saamgaan nie en die Uitvoerende Raad van die regering het hom dus oortuig om na Europa toe uit te wyk en om daar te probeer om die Groot moondhede te oortuig om die Boere te ondersteun. Hierna is die ou president na Lourenco Marques geneem en op 20 September het hy na Europa vertrek. Genl. Schalk Burger is as waarnemende staatspresident aangestel.

Genl. Beyers het vanaf die Oos-Transvaal deur die laeveld oor Leydsdorp en Haenertsburg na Pietersburg gereis om die bevel in die Noorde oor te neem. Ludwig Krause as die 'leier' van diegene wat Beyers se aanstelling ondersteun het, het hom

halfpad na Haenertsburg ontmoet en hom ingelig wat hom te wagte is en watter offisiere hom nie ondersteun nie.

Op 15 September 1900 het genl. Beyers in Pietersburg aangekom. Na ŉ paar dae het hy en sy gevolg per trein na Nylstroom gereis waar, soos afgespreek, ŉ vergadering met die Boere-offisiere in die hofsaal belê is. Soos verwag, is hy nie hartlik deur hulle ontvang nie. Die meeste het geweier om onder sy bevel te dien. Kruppel Barend Vorster was een van die wat teen die nuwe aanstelling was. Een van die manskappe het dit so verwoord: '*Soos ons edelagbare oom, die kommandant van Pietersburg, en sy vriende wat, toe generaal Beyers as pas aangestelde assistent-generaal vir die noordelike kommando's op Pietersburg aankom, ŉ boodskap aan hom stuur om te sê dat hulle hom nie daar wil hê nie, dat hulle mans genoeg is om hul eie sake te reël, dat hy vir dieselfde prys kan terugkeer as waarvoor hy gekom het.*'[xlvii] Beyers was natuurlik heeltemal onbekend in die Noorde. Trouens, enkele maande tevore was hy nog net ŉ gewone manskap. Net Krause, soos Beyers ŉ regsgeleerde, het hom persoonlik geken. ŉ Gespanne atmosfeer het in die hofsaal geheers. Beyers, wat ŉ goeie spreker was, het begin met ŉ lang gebed waartydens hy die situasie geskets het en dit aan God oorgelaat het om die burgers te oortuig. Hierna het hy baie gou die besprekings in sy guns geswaai. Toe die gemoedere gekalmeer het, het hy die vergadering meegedeel dat hyself deur die regering aangestel is as waarnemende-kommandant-generaal en derhalwe as die enigste bevelvoerder in die Noorde en dat genl. Grobler dus van sy rang ontneem word. Verder het hy hulle meegedeel dat die regering besluit het om weg te doen met die 'vreemde' rang van hoofkommandant wat deur pres. Kruger geskep is. Barend Vorster is dus van sy rang as hoofkommandant ontsê. Na die vergadering het die een na die ander offisier Beyers in sy hotelkamer besoek om onvoorwaardelik hulle samewerking aan te bied. Kruppel Barend het ook die waarde van die nuwe bevelvoerder ingesien en self ook sy samewerking aangebied.[xlviii]

Genl. Grobler het hierna met ŉ deel van sy kommando onder verdagte omstandighede in Betsjoeanaland ingetrek en blykbaar daar gaan oorgee.[xlix]

Wat met Kruppel Barend Vorster gebeur het, moet gesien word teen die agtergrond van wat landswyd aan die gang was. Louis Botha het, nadat hy by Piet Joubert die pos as hoof van die Boere-magte oorgeneem het, talle offisier wat volgens hom en sy

raadgewers nie hulle volle samewerking met die 'nuwe' taktiek gegee het nie vervang met manne, gewoonlik jonger, wat kmdt.-genl. Botha ondersteun. Baie van die ou offisiere het uit die periode van die Eerste Vryheidsoorlog gekom en het verouderde idees van oorlogsvoering gehad. Pres. Kruger self is deur die nuwe topbestuur gesien as verouderd en nadat die Boere oorgegaan het tot guerrilla-oorlogvoering was die president eintlik in die pad. Kmdt.-genl. Botha moes baie tyd spandeer om te verhoed dat die president nie in die hande van die vyand beland nie, want dit sou fataal vir die moraal onder die burgers gewees het. Derhalwe het hulle hom oortuig om die land te verlaat. Met die president uit die weg kon Botha voortgaan om van Kruger se gunstelinge wat nie in die nuwe patroon ingepas het nie, ontslae te raak. Kruppel Barend is beskou as een van laasgenoemde offisiere.

## KRUPPEL BAREND TREE OP DIE AGTERGROND

Kruppel Barend het hom hierna onttrek van kommandodiens en van die politiek en hom bepaal by sy verpligtinge as Naturelle-kommissaris vir die Spelonken-gebied. Hoewel hy gekrenk gevoel het, het hy later erken dat Beyers se aanstelling die beste onder omstandighede vir die Noorde was. Sy versoek tot die regering om te verduidelik wat hy verkeerd gedoen het, is nooit beantwoord nie. Lodi (Ludwig) Krause het in sy boek oor die oorlog wat jare later verskyn het gemeld dat Vorster se onoordeelkundige proklamasie waarskynlik die hoofrede was vir sy ontslag, en noem dit '*the most foolish act that Barend Vorster committed and which really was one of the causes which led to his eventual dismissal*.' [l]

Voor die einde van September 1900 het kmdt.-genl. Botha in konsultasie met 'die regering te velde' besluit dat al die kommando's wat in die Oos-Transvaal tot by Komatipoort teruggedryf is, na die Noord-Transvaal moes uitwyk om op Pietersburg te herorganiseer en te besluit oor wat om verder te doen. In groot getalle het die kommando's meestal deur die noord-oostelike Laeveld getrek en in Oktober 1900 in Pietersburg bymekaar gekom. Na etlike weke se samesprekings het die kommando's weer vertrek om met die oorlog voort te gaan. Beyers moes steeds in bevel van die Noordelike Hooflaer optree.

Gedurende Oktober 1900 het Kruppel Barend, as Naturelle-kommissaris, opdrag ontvang om sy invloed te gebruik om vrede te bewerkstellig tussen twee faksies van die Langa-Ndebeles wat noordwes van Piet Potgietersrust woonagtig was. Sedert die

dood van kaptein Masebe (ook Masibi of Masiebie) in 1890, was daar onmin tussen sy twee seuns, Hans Masebe en Bakenberg Masebe, oor wie moes opvolg. Die grond is toe tussen die twee verdeel, maar steeds het hulle in vyandskap gelewe. In Oktober 1900, terwyl die Anglo-Boereoorlog dus nog aan die gang was, het daar oorlog tussen die twee uitgebreek. Kruppel Barend het beide kapteins geken en nie geaarsel om hulle te besoek nie. By Hans Masebe het hy ŉ groot aantal wapens (outydse Martini Henrys, Mausers asook Britse Lee Metfords) gekonfiskeer. Op een van die Martini Henrys se kolf was die embleem van die ZAR. By Bakenberg Masebe het Vorster gevind dat die kaptein se hoofstat afgebrand was en dat die meeste van die mense die berge ingevlug het. Deur onderhandelinge met die twee kapteins het Vorster dit reggekry dat hulle belowe het om vrede te maak. Hy het ook ŉ ruiterwag tussen die twee geplaas om vrede te bewaar. [li]

Na die eerste Britse pogings in Augustus 1900 om Soutpansberg en Waterberg in te neem, het dit maande geneem voordat hulle weer probeer het. Teen die einde van 1900 was Kruppel Barend vir ŉ lang tyd in die Noorde – hoofsaaklik in die gebied bekend as die Spelonken, om die probleme daar tussen die Venda en die Tsongas (Shangaans) te hanteer. In November het die Switserse sendelinge, die 'Mission Suisse en Afrique du Sud', op Valdezia naby Elim tyding gekry dat ŉ Britse mag Pietersburg reeds ingeneem het. Die sendelinge het die boodskap aan Kruppel Barend oorgedra. Die eggenote van een van die sendelinge, Emmy Rosset, skryf in haar dagboek onder 9 November 1900: '*Two young men have arrived from Barotta. They claim that there is a corps of English soldiers on this side of Pietersburg. It is said that Berend Vorster, the Commissioner, is moving everything towards Sibasa. Does he no longer feel safe in the Spelonken?*'[lii] Hierdie keer was dit egter ŉ vals alarm.

## DIE BRITSE INNAME VAN DIE NOORDELIKE DISTRIKTE

In Maart 1901 was die Britse magte, onder bevel van genl. HCO Plumer, wel op pad om die noordelike distrike in te neem. Op 30 Maart 1901 is Warmbad sonder enige weerstand van die Boere ingeneem, en op 1 April 1901 ook Nylstroom. Die Boere kon die opmars nie stuit nie. Op 4 April is Potgietersrus ingeneem en op 8 April 1901 is Pietersburg geannekseer.[liii] Dit was beleid by die Boere om ter wille van die vroue en

kinders, nie dorpe te probeer verdedig nie. In Pietersburg het Plumer ’n groot aantal wapens en ammunisie in beslag geneem.

Die Britse besetting van die Soutpansberg het verder bygedra tot die negatiewe houding onder die burgers. Volgens die amptelike Britse geskiedenis van die oorlog is 265 burgers gedurende Mei 1901 in die twee noordelike distrikte gevang of gedood, terwyl meer as 1700 vrywillig oorgegee het.[liv] Indien hierdie syfers korrek is, wonder mens hoeveel vegtende burgers dan oorgebly het?

Teen hierdie agtergrond was dit verstaanbaar dat meer en meer Boere besluit het dat dit nie meer sin maak om aan te hou veg nie. Volgens die Britse joernalis, HW Wilson, in sy boek *After Pretoria: The Guerilla War* het Kruppel Barend ook oorgegee. *‘On May 8* [1901] *two of the enemy, among whom was a man named Nicholson, recently acting as adjutant to Beyers, came into Pietersburg under a flag of truce, to ask what terms the British would grant to them and to a number of other burghers. The terms were stated and regarded as satisfactory, whereupon about 40 Boers made their submission. Among them was a well-known Boer official, Barend Vorster*.’[lv] Twee weke later het die aanvoerder van die Soutpansberg-kommando, kmdt. Van Rensburg, met 150 van sy manne ook oorgegee.[lvi]

Kruppel Barend was dus nou bereid om die eed van neutraliteit te teken. (Let wel baie Boere het teen hierdie tyd die eed van neutraliteit geteken, maar nie die eed van getrouheid aan die Britse koning nie). Die vermoede bestaan dat Kruppel Barend hom nou van alle aktiwiteite onttrek het en hom in sy huis in Pretoria afgesonder het.

Mens wonder wat Kruppel Barend se werklike houding en gesindheid oor die oorlog was, veral aangesien hy voor die einde van die oorlog oorgegee het. Duidelik was daar nooit sprake van oorloop na die vyand nie. Daarvoor was hy ’n te groot patriot en Afrikaner. Mens kom tot die gevolgtrekking dat hy werklik geglo het dat dit fataal was om verder te veg. Daarmee saam moes hy sekerlik diep teleurgesteld en selfs verbitterd gewees het oor hoe hy behandel is. Hy het altyd geglo dat wat hy gedoen het die beste vir sy mense was onder omstandighede – selfs waar sy eie belange ook ter sprake was. ’n Paar jaar na die oorlog het hy in ’n onderhoud op Potgietersrus steeds sterk gestaan dat die Britte (Chamberlain en Milner) en veral Cecil John Rhodes, en nie die Boere nie, alle blaam moet dra vir die oorlog en wat gedurende die oorlog in die Noord gebeur het. Onder andere het hy toe gesê: ‘*Die godskreiende*

*oorlog teen Transvaal en Vrystaat – kan daar lager en skandaliger in 'n mens se lewensgeskiedenis gevind word dan wat hier neer geskrywe is*, [verwysende na Smuts en Jordaan se boeke] *en wat al die toetse van die waarheid kan deurstaan? Lees genl. Smuts se "Eeuw van Onreg" en Jordaan se "Hoe Zy Stierven"*.'[lvii]

Kruppel Barend het beslis nog hoë aansien onder sy mense gehad. In 1920 het die regering besluit om aan die Boere wat diens gedoen het in die Anglo-Boereoorlog 'n spesiale medalje bekend as die '*Dekorasie voor Trouwe Dienst, Anglo-Boereoorlog, 1899 – 1902*' toe te ken. Die Departement van Verdediging het 'n komitee aangestel wat noukeurig te werk moes gaan om te bepaal wie vir die erkenning kwalifiseer. Uit die aard van die saak het Boere wat oorgeloop het en aan Britse kant geveg het – die Joiners, nie in aanmerking gekom nie. Die komitee het wel die meriete, in baie van die gevalle waar Boere opgehou veg het, ingesien. Hulle het sulke gevalle se diens voor hulle oorgegee het, ook in aanmerking geneem. Op grond hiervan het Kruppel Barend Vorster gekwalifiseer vir die toekenning en verskyn sy naam op die lys van die offisiere wat medaljes ontvang het. [lviii]

## 'N OPVOLG

Nadat die Britse magte die noordelike distrikte van die republiek ingeneem het, het die oorlog vir nog 'n hele jaar voortgeduur. In hierdie jaar het nog baie gebeur in hierdie dele. Hierdie tydperk word in 'n opvolg tot hierdie artikel behandel. Die vernaamste gebeure kan saamgevat word onder die volgende hoofde:

1. DIE KONSENTRASIEKAMPE EN VERSKROEIDE AARDE BELEID.
2. DIE BETROKKENHEID VAN SWARTMENSE.
3. DIE BREAKER MORANT-INSIDENT.
4. DIE LAASTE OPTREDE VAN DIE LONG TOM-KANONNE.
5. DIE LAASTE GEVEGTE IN DIE WOLKBERG.
6. OORGAWE EN HERVESTIGING.

---

[i] E Broos: Die Noordelike Hooflaer, pp.4 – 5.
[ii] Ibid., p.5.
[iii] JH Breytenbach: *Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899 – 1902*.
Deel I, pp. 33 & 34.
[iv] TAB: K.G. 3458. Joubert-kolleksie 7 no. 2798.
[v] Breytenbach: *Geskiedenis van Tweede Vryheidsoorlog*, Deel 1, pp. 422n, 425.
[vi] *Die Volkstem*, 30 Oktober, 1899, 1 November 1899 en 11 November 1899.
[vii] E Broos: Die Noordelike Hooflaer, p. 16.

viii *Ibid*., pp. 22 – 25.
ix Breytenbach: *Geskiedenis van Tweede Vryheidsoorlog*, Deel 1, p. 426.
x Broos: Noordelike Hooflaer, p. 26.
xi Lees Roelf Odendaal: *Noord-Transvaal op Kommando 1899 – 1902*, pp. 18 – 32.
xii Broos: Die Noordelike Hooflaer, p. 29
xiii *Ibid.*, pp. 29 – 33.
xiv Breytenbach: *Geskiedenis van Tweede Vrijheidsoorlog*, Deel 1, p. 432.
xv *Ibid*., p. 432.
xvi TAB: R1614x/99; R1812x/99; TB1736/99; R1794x/99; R1541x/99; R1981x/99; R1805x/99;
R1905x/99; KG335(4), 339, 314; KG335(6),505
xvii JE Krugel: Die Pietersburgse Konsentrasiekamp, p.8.
xviii Breytenbach: *Geskiedenis van Tweede Vryheidsoorlog,* Deel 2, pp. 238, 240, 243.
xix Broos: Die Noordelike Hooflaer, p.45.
xx CJ Barnard: *Generaal Louis Botha op die Natalse Front, 1899 – 1900*, p.47.
xxi *Ibid.*, pp. 49, 54, 56, 57.
xxii Broos: Die Noordelike Hooflaer, pp. 46 – 47.
xxiii *Ibid*., p. 50.
xxiv *Ibid*., p. 51.
xxv *Ibid*., pp. 52 – 53.
xxvi *Ibid*., pp. 53 – 58.
xxvii *Ibid*., p. 54.
xxviii *Ibid*., p. 55.
xxix *Ibid.*
xxx *Ibid*., p. 57.
xxxi *Ibid*.
xxxii Munnnik: *Memoirs*, pp. 173 - 175
xxxiii Broos: Die Noordelike Hooflaer, p. 58.
xxxiv Munnik: *Memoirs*, pp. 173 – 175.
xxxv Taitz: *War Memoirs of Ludwig Krause*, p. 84.
xxxvi Munnik*: Memoirs*, pp. 177 – 178.
xxxvii Broos: Die Noordelike Hooflaer, p. 58.
xxxviii Telegram: Staatspresident SJP Kruger, Machadodorp, aan Generaal Chris Botha, Charlestown,
geen datum (TA. WJ Leydsargief, band 579, deel 2, pp. 295 – 299).
xxxix Taitz: *War Memoirs of Ludwig Krause*, pp. 89 – 90.
xl Broos: Die Noordelike Hooflaer, pp. 90 – 91.
xli Lees *Korte Geschiedenis van het Konsentrasie-kamp te Pietersburg, Zoutpansberg en Naamlijst*
*Der 650 Vrouwen en Kinderen aldaar gestorven van 11Mei 1901tot 30 Januarie 1902*. Pretoria,
1908.
xlii HW Wilson: *After Pretoria; the Guerilla War*, vol. I, p. 428.
xliii Munnik*: Memoirs*, p.175.
xliv Roelf Odendaal: *Noord-Transvaal op Kommando 1899 – 1902,* p.54.
xlv Roelf Odendaal: *Noord-Transvaal op Kommando 1899 – 1902*, pp. 94 – 95.
xlvi GD Scholtz: *Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 – 1914*, pp. 32 – 33.
xlvii Dorothea Möller-Malan: *Oos van Doornrivier*, p. 32.
xlviii Taitz: *War Memoirs of Ludwig Krause*, pp. 106 – 108.
xlix WJ de Kock (ed.): *Dictionary of South African Biography, vol. 1*,,pp. 858 – 859.

[l] Taitz: *War Memoirs of Ludwig Krause*, p. 89.
[li] Odendaal: *Noord-Transvaal op Kommando*, pp. 97 & 219.
[lii] Pierre Jaques and Pierre-André Jaccard (eds.): Extracts of Grand'Mère's (Emmy Rosset's) Diary,
p.20.
[liii] Wilson: *With the Flag*, vol. III, pp. 430 – 434.
[liv] Pierre Edwards: Generaal Christiaan Beyers se rol in die Anglo-Boereoorlog in Noord-Transvaal,
p. 40 (dr. PJ Greyling: *Die Anglo-Boereoorlog in Noord-Transvaal 1899 – 1902*).
[lv] HW Wilson: *After Pretoria; The Guerilla War*, vol. I, p. 446.
[lvi] *Ibid*., vol. II, p. 606.
[lvii] BJ Vorster: Hoe Rhodes eenmaal 'n Konsessie 'gekoop' het (*Ons Vaderland*, 26 April 1927)